# LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD

# PAIA

**<u>Addendum C: GELYKE INDIENSNEMINGSPLAN</u>**

Die Beheerliggaam van Laerskool Bellville-Noord se akademiese doelwit is die bevordering van die Kwaliteit van Onderrig en Leer (Fokusarea 4).

Daarvolgens sal enige kriteria wat in aanmerking geneem sal word vir ‘n onderwyser-aanstelling, altyd fokus op ‘n persoon wat, benewens die bevordering van kwaliteit onderrig in die klaskamer, ook die omgee waardes van Laerskool Bellville-Noord sal uitbou.

‘n Meriete-aanstelling van ‘n kandidaat word egter ook beoordeel ten opsigte van die diverse kultuur van ons leerlingtal.

Daarvolgens sal die Beheerliggaam dit as ‘n prioriteit beskou om gelyke indiensnemings-aanstellings te bevorder; waar van toepassing.

Indien kandidate dus op meriete (volgens die gegewe kriteria) beoordeel word, sal daar beslis oorweging geskenk word aan die doelwit om gelyke indiensneming te bevorder.

Dit sal dus die oogmerk wees van die Beheerliggaam om tydens die nominasie-proses (motivering) die rasprofiel van die personeel te takseer vir gelyke-indiensnemingsdoeleindes.